Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

Die O.B.

Jrg. 8 Kaapstad, Woens., 4 Mei 1949 Prys 3d. No. 24

# „Republikeins' Met Behoud Van Britse Konneksie

**Nadat hy hom in Londen vereenselwig het met die idee dat republikanisme beperk moet bly binne die Britse Ryk, het dr. D. F. Malan aan persmanne in Genève verklaar dat hy glo dat die republikeinse staatsvorm die beste geskik is vir Suid-Afrikaanse omstandighede, maar dat 'n republiek net op die grondslag van die „breë volkswil" gestig kan word.** Die H.N.P. sal dus geen republiek uitroep „tensy en totdat die kiesers die voorstel goedgekeur het deur 'n algemene verkiesing of referendum wat spesifiek oor hierdie saak gehou is".

Hierdie verklaring van dr. Malan gee die voorkoms van konsekwentheid — „dr. Malan is darem nog vir 'n republiek", moet geglo word. **Die strydpunt is egter nie nou slegs vir of teen 'n republiek nie, maar vernaamlik of die republiek vry sal wees of dan of dit die Britse konneksie sal handhaaf.** Dit is vandag betekenisloos om te sê jy staan nog vir 'n „republikeinse staatsvorm" nadat in Londen seker gemaak is dat daardie „republikeinse staatsvorm" binne die Empire juis sal dien om die Britse konneksie te versterk.

Republikanisme in Suid-Afrika is beslis nie net begaan oor die „staatsvorm" of die uiterlike dop nie, maar ook oor die staatsinhoud en die staatsverband met buitelandse moondhede. **Daarom het Kruger hom agtien jaar lank verset teen Britse soeserenitieit oor sy REPUBLIEK, want 'n republikeinse „staatsvorm" onder Britse soereiniteit was vir hom net so onaanvaarbaar as wat 'n „republikeinse staatsvorm" binne die Empire vir die oortuigde republikein vandag is.**

**Ons het vrede of mnr. G. Brand van Zyl „goewerneur-generaal" of „president" genoem word, maar ons het nie vrede daarmee dat Suid-Afrika se beleid in Londen bepaal word nie.**

Die Suiderstem verklaar na aanleiding van dr. Malan se verklaring dat dr. Malan hom in Londen plegtig gebind het om te berus by die huidige grondslag van die Statebond, en dat Suid-Afrika dus nie 'n republiek kan word voordat 'n Statebondskonferensie daardie deel van die verklaring herroep nie of dr. Malan moet sy woord verbreek.

---

**Die tyd het nou aangebreek dat 'n handves vir Afrika ernstig oorweeg word,** het die Eerste Minister in Londen verklaar. Dit is die taak van die Europese lande wat belang het by Afrika om daardie reuse gebied vir die Westerse beskawing te beveilig.

# BRITSE EMPIRE GERED

## Lede Bly Binne Onder Nuwe Benaming

**Verlede Donderdag is 'n verklaring deur die eerste ministers van die Britse Statebond uitgereik wat die insluiting van Indië binne die Empire beoog selfs nadat hy 'n republiek geword het. Indië sal 'n lid van die Statebond bly en die koning erken as „die hoof van die Statebond en as die simbool van die vrye assosiasie van die lede van die Statebond", lui die verklaring, terwyl die ander lede (ook Suid-Afrika) „verklaar dat die grondslag van hul lidmaatskap nie verander is nie". Ten opsigte van laasgenoemdes bly die posisie dus net soos voorheen, toe die republikeinse artikel in die twee regeringspartye se programme van beginsels en in die Ossewabrandwag se ideaalstelling opgeneem is.**

**Daar is egter die belangrike verskil sover dit die H.N.P. betref dat dr. Malan hom nou tevrede verklaar het met die huidige dominiale toestand „so lank daar geen inbreuk gedoen word op Suid-Afrika se regte nie".**

**In werklikheid beteken die Londense verklaring dat die Britse Empire gered is van verbrokkeling. Die enigste twee lede wat gedreig het om Ierland se pad te volg, het teruggedraai en is nou tevrede om binne die Empire te bly onder 'n nuwe benaming wanneer hulle so 'n naamsverandering verkies. In die geval van Indië geskied hierdie naamsverandering in Augustus. In die geval van Suid-Afrika is dit nog vir onbepaalde tyd uitgestel.**

Die Londense konferensie moet dus beskou word as nog 'n oorwinning vir Britse diplomasie in hul lang reeks oorwinnings oor verowerde kolonies. **Vandaar die groot gejuig in die Britse pers oor die nuwe stap en die besinging van „Britse staatsmansgenie" wat 'n nuwe kompromis ter versterking van die Empire-bande bewerkstellig het.**

### HAARKLOWERY

Oor die vertolking van die verklaring, naamlik of Indië nog „trou" of „aanhanklikheid" aan die koning verskuldig is as „simbool van sy vrye assosiasie" en of watter onverstaanbare en onlogiese punte verder daarin opgesluit mag lê, sal daar nog steeds uiteenlopende menings wees. Maar sulke haarklowery sal die Britte koud laat omdat dit nie die wese van die Britse Statebond raak nie. Dit erken ook die Cape Argus waar hy sê: „Die werklike betekenis van die nuwe reëling hang af nie van die simbole wat die assosiasie uitdruk nie, maar van die mate waartoe die assosiasie werklik doeltreffend is en die vorm aanneem van opregte samewerking.

### BEANTWOORD AAN DOEL

**Dit maak vir Londen geen saak hoe die Statebond lyk nie, solank hy beantwoord aan sy doel, en dit maak vir Londen geen saak hoe vry of onvry 'n lid van die Empire homself waan nie, so lank hy sy medewerking op doeltreffende wyse verleen.** En dit het die Londense konferensie so skitterend reg gekry dat die Indiërs juig oor hul „vrye' republiek" en die Engelse oor hul „vrye assosiasie!"

So tevrede voel die Britte met hul sukses in Londen dat hulle reeds hoop dat die Iere wat die Empire so pas verlaat het, sal terugkeer, **en een spreker het** dit selfs betreur dat die nuwe reëling nie reeds in 1921 ingevoer is nie, want dan sou Ierland „nooit verlore gegaak het nie!"

### DIE WESE ONVERANDERD

Die hele toestand wat eintlik niks anders as 'n „boereverneukery" is nie, word duidelik weergegee deur die Cape Times en Die Suiderstem. Eersgenoemde verklaar dat eendersheid van belang en 'n gemeenskaplike aanvaarding van vrye parlementêre stelsels „die wesenlike vereistes vir lidmaatskap van die Statebond is. **„Solank dit bestaan, kan die wesenlike eenheid van die Statebond nie deur formaliteite en formules verswak of versterk word nie."**

Die Suiderstem som die posisie korrek op as volg:

„Waar die Statebond nie van inhoud verander nie, verander hy tog ietwat van vorm. Hy verskyn met ander woorde in 'n nuwe uitwendige gedaante waar selfs 'n republiek lid kan wees **maar waar die klem by hom nog altyd op die innerlike saamhorigheid en nie op die uitwendige bande geval het nie, is**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

**hierdie aspek van minder betekenis.** Die inhoud is immers altyd van meer waarde as die vorm en dit is die wese van die Britse staatsmansgenie dat hierdie feit al jarelank besef word. . . . . **Die Kroon bly nog net wat dit altyd was, die saambindende band wat al die lede bymekaar hou."**

**Met ander woorde, die Britse konneksie bly voortbestaan. Die Britse mening is dat dit inderdaad versterk is.**

## „FAMILIE-KRING"

**Bostaande foto van die eerste ministers van die Britse Statebond is die afgelope week uit Londen ontvang en toon die groep wat saam met die Britse koningsgesin geëet het. Die Cape Times se korrespondent in Londen het van hierdie gebeurtenis gepraat as 'n „familie-aangeleentheid" en verklaar dat die „bande van die Statebond nie duidelik uitgedruk kan word as deur middel van sulke byeenkomste rondom die koning se tafel nie . . ."**

**Die gaste is agter (van l. na r.): Sir Stafford Cripps; Pearston (Kanada); Liaquat Ali Khan (Pakistan); P. Fraser (Nu-Seeland); dr. D. F. Malan (Suid-Afrika); D. S. Senayake (Ceylon); en N. Baker (Minister van Statebondsbetrekkinge).**

**Voor (van l. na r.): Mev. Attlee; Pandit Nehru (Indië); 'n dame wie se naam nie vermeld word nie; mev. D. F. Malan; C. Attlee (Brittanje); mev. Ali Khan; en Chefley (Australië).**



# NET BETYDS OM S.A. TE BEHOU

**„As ons dit in 1921 gehad het, het ons nooit nodig gehad om Ierland te verloor nie," het lord Strabolgi, 'n Arbeiderlid, in die Britse hoërhuis verklaar toe hy die naweek sy vreugde uitgespreek het oor die resultate van die Londense samesprekings.**

**Hy het die besluit van Indië om in die Statebond te bly, as 'n geweldige gebeurtenis beskryf toe hy 'n Meidagvergadering toegespreek het. Die hele grondslag van die Statebond is verander om die koning as 'n band te behou en om lande soos Indië toe te laat om hul eie regeringsvorm te kies, het hy gesê.**

Lord Strabolgi het verklaar dat hy hoopvol is dat Ierland en Birma weer na die Statebond sal terugkeer. Hy wil ook graag Israel op dieselfde grondslag as Indië binne die Statebond hê.

**Hoewel hierdie drie lande vir die Britse Ryk verlore is, kan lord Strabolgi darem nog juig dat Indië en Suid-Afrika vir die Empire gered is.**

# Besluit In Londen Is 'n Terugwaartse Stap

**Berigte en kommentaar uit Londen lui dat die Konferensie van Sy Majesteit, Koning George VI, se Eerste Ministers wat so pas in Londen afgesluit is, 'n uitmuntende sukses was want die Eerste Ministers het daarin geslaag om 'n formule te vind waarvolgens die eenheid van die Britse Statebond ongeskonde bewaar kan bly. En in Suid-Afrika loof die Engelse blaaie sowel as die koerante van die H.N.P. die belangrike rol wat die Eerste Minister, dr. D. F. Malan, gespeel het in die bewerkstelliging van die eenheid van die Statebond, met Sy Majesteit Koning George VI as „Simbool" van die eenheid en as „Hoof" van die Statebond.**

**Nog voordat dr. Malan na Londen vertrek het, het hy sy eie volgelinge geskok en die Engelse verras deur uitdruklik te verkl..ar dat hy geen voorneme het om Suid-Afrika in 'n republiek om te skep nie. Inteendeel sy beleid is om die Suid-Afrikaanse Koninkryk te handhaaf en as sodanig lid te bly van die Britse Statebond. En dit is hierdie Statebond wat dr. Malan in Londen help red het van verbrokkeling.**

### DIE GEVAAR VAN AFSKEIDING

Die gevaar van verbrokkeling het ontstaan omdat sommige van die jonger koninkryke oftewel soewereine dominiums in die Britse Statebond gebruik wou maak van hul reg om onafhanklike republieke te word. Wyle genl. Hertzog, die vader van nasionalisme in Suid-Afrika, was die man wat meer as enige ander man in die Britse Ryk gedoen het om vir die destydse Britse dominiums soewereiniteit te verkry en daaruit vloeiende die reg om onafhanklike republieke te word afgeskei van die Britse kroon. **Omdat Ierland en Indië hierdie reg van afskeiding wou uitoefen en omdat die Britse Statebond dan moontlik in duie sou stort is die Londense konferensie belê.**

Voor sy vertrek na Londen het dr. D. F. Malan, behalwe sy

**POLITIEK IN OËNSKOU DEUR 'N MEDEWERKER**

reeds genoemde lojaliteitsbetuiging, reeds duidelik verklaar dat republikeinse status en lidmaatskap van die Britse Statebond nie onversoenbaar met mekaar is nie. Hierdie standpunt wat o.a. deur die Indiërleier, Pandit Nehru aanvaar is, het hy dan ook op die konferensie met soveel sukses voorgedra dat die H.N.P. se hooforgaan, Die Burger, kon skryf: **„Bronne wat in noue voeling met die konferensie is deel mee dat dr. Malan se bystand en leiding grootliks bygedra het om die gaping te oorbrug wat aan die begin van die samesprekinge tussen die opvattinge van die ouer dominiums soos Australië en Nu Seeland, en Indië best..an het."**

### TERUGWAARTSE STAP

**Die konferensie het dan ook besluit om die toekomstige „republiek" van Indië toe te laat om lid van die Britse Statebond te bly op voorwaarde dat die „republiek" die koning as „Hoof" en „Simbool" van die Statebond aanvaar!**

Wyle genl. Hertzog het in sy tyd van Londen teruggekeer met die reg om 'n vrye republiek tè word buite die Statebond; dr. Malan keer nou van Londen af terug met die reg om 'n „Empire"-republiek te word binne die Statebond. **M.a.w. toe die uitoefening van die reg van vrye republiekwording, wat wyle genl. Hertzog vir die Statebondslande help verkry het**

(Vervolg op bls. 8 kol. 3)

# LONDEN VERWAG GEEN REPUBLIEK IN SUID-AFRIKA

**Onder die opskrif „Malan se Hulpvaardigheid in Londense Samesprekings" skryf die Cape Times se korrespondent uit Londen dat daar in Engeland algemene tevredenheid bestaan oor die formule wat gevind is waardeur Indië binne die Statebond bly al word hy 'n republiek.**

**Terselfdertyd beklemtoon die korrespondent dat „die handhawing van die betrekkinge tussen die ouer dominiums beskou word as van die grootste betekenis." Hier word geglo dat daar geen onmiddellike gevaar best..an dat Suid-Afrika of enige ander dominium sal verkies om gebruik te maak van die nuwe republikeinse konneksie binne die Statebond nie.**

„Dr. Malan het, na ek verneem, beslis geen aanduiding vir die Britse regering gegee dat hy so 'n plan het nie.

„Ondanks die feit dat hulle bewus is van die sterk republikeinse element in Suid-Afrika, voel die ministers hier dat hulle meer en groter samewerking van dr. Malan verkry het as wat hulle verwag het, en hulle is oortuig dat hy sal voortgaan om dit te gee op die grondslag soos deur hom uiteengesit in sy toespraak in die Unie-senaat voordat hy na Londen vertrek het."

**Die korrespondent voeg daaraan toe dat baie mense in Engeland genl. Smuts se mening deel, „maar dat aangesien al die dominiale eerste ministers sa..mstem, daar geen ernstige teenstand vir die plan hier ondervind sal word nie."**

# Empire Se Resep Vir „Republieke"

Die amptelike verklaring van die konferensie van eerste ministers in Londen lui woordeliks:

„Gedurende die afgelope week het die eerste ministers van die Verenigde Koninkryk, Australië, nu-Seeland, Suid-Afrika, Pakistan en Ceylon en die Kanadese minister van buitelandse sake in Londen vergader om menings te wissel oor die grondwetlike gevolg van Indië se besluit om republiek te word, en van sy begeerte om lid van die Statebond te bly.

„Die besprekings het gegaan oor die gevolg van so 'n ontwikkeling vir die bestaande struktuur van die Statebond en vir die grondwetlike verhoudinge tussen sy lede. Die besprekinge het in 'n goeie gees en met onderlinge begrip plaasgevind, en **teen die geskiedkundige agtergrond van die Statebond se tradisionele vermoë om sy eenheid van doel te versterk en tegelyk sy organisasie en prosedure by veranderde omstandighede aan te pas.**

„Ná 'n deurtastende bespreking het die verteenwoordigers van al die Statebondslande toegestem dat die besluite wat geneem is, in die volgende verklaring geboekstaaf word:

### „BRITSE STATEBOND"

„,Die regerings van die Verenigde Koninkryk, Kanada, Australië, Nu-Seeland, Suid-Afrika, Indië, Pakistan en Ceylon, wie se lande verenig is as lede van die Britse Statebond, **en wat trou aan die Kroon verskuldig is**, wat ook simbool is van hul vrye assosiasie, het die op hande synde grondwetlike veranderings in Indië oorweeg.

„,Die regering van Indië het die ander regerings van die Statebond daarvan verwittig dat kragtens die nuwe grondwet wat hy gaan aanneem, hy 'n soewerein onafhanklike republiek gaan word. Die regering van Indië het egter Indië se begeerte verklaar en bevestig om sy volle lidmaatskap van die Statebond voort te sit en om die Koning te bly aanvaar as die simbool van die vrye assosiasie van sy onafhanklike lede-nasies **en as die hoof van die Statebond.**

### NIE VERANDER NIE

„,Die regerings van ander lede van die Statebond — **die grondslag van hul lidmaatskap van die Statebond word nie hierdeur verander nie** — aanvaar en erken Indië se voortgesette lidmaatskap ooreenkomstig die bepalings van hierdie verklaring. Dienooreenkomstig verklaar die Verenigde Koninkryk, Kanada, Australië, Nu-Seeland, Suid-Afrika, Indië Pakistan en Ceylon hiermee dat hulle verenig bly as vrye en gelyke lede van die Statebond, wat vryelik saamwerk ter nastrewing van die vrede, die vryheid en die vooruitgang'.

„Hierdie grondwetlike vraagstukke was die enigste onderwerp van bespreking op die volle vergaderings van die eerste ministers".

### KANTTEKENING

Amptelik is aan Sapa se korrespondent meegedeel dat die eerste ministers toegestem het dat die volgende op 'n wenk van die Suid-Afrikaanse Eerste Minister geboekstaaf word:

„Ten antwoord op 'n vraag van dr. Malan het die byeenkoms toegestem dat geboekstaaf word dat die benaming van die Koning, as hoof van die Statebond, geen verandering beteken in die grondwetlike verhoudings tussen die lede van die Statebond nie, en in besonder dat dit nie te kenne gee dat die Koning 'n grondwetlike funksie uit hoofde van sy hoofskap uitoefen nie".

## VIR C-SENDER

Die voorgestelde handelsuitsendings (C-sender) is die afgelope week 'n stap verder gevoer toe mnr. R. E. Johnston as hoof van die C-program benoem is. Hy sal eersdaags na Kanada vertrek waar hy 'n studie van handelsuitsendings in die buiteland sal maak. Die versekering is gegee dat daar geen nabootsing sal wees nie en dat die uitsendings sal aanpas by Suid-Afrikaanse omstandighede.

***GEE HIERDIE BLAD AAN U REPUBLIKEINSE VRIEND WAT STERF VAN REPUBLIKEINSE HONGER!***




**Hierdie dogters van ons land maak Rembrandt . . . . . .**

Hardwerkend maar gelukkig . . . . . Neem byvoorbeeld mev. Nel, moeder van drie, ons hoofdame . . . . . en Bettie, dogter van 'n boer, wat toesig hou oor 'n sellofaanmasjien . . . . . dan is daar Marie wat die lugkondisioneringsapparaat beheer . . . . . . Geen gewone werksters hierdie nie . . . . . . maar ons eie dogters . . . . . . en ons is trots daarop!

**U Rembrandt word net deur hierdie dogters hanteer. En met ons stygende aanvraag, groei ons familie daagliks aan.**




Rembrandt

ROOI VIR KURK GROEN VIR ONGEKURK

*„Die sigaret wat u altoos graag wou rook."*

Kopiereg R.A.14.

# BRITSE SLIMHEID BEWAAR RYKSEENHEID SÊ BLAD

## CAPE TIMES VERHEUG OOR LONDENSE SUKSES

**Groot tevredenheid en vreugde oor die uitslag van die Londense samesprekings is die afgelope dae uitgespreek in die inleidingskolomme van die Engelse pers, en die „genialiteit" van die Britse staatsmanne om die Britse Ryk aanmekaar te hou en botsings te voorkom, word hoog geroem. Daar is ook tot die slotsom gekom dat die samesprekings geen werklike verandering in die verhoudings tot Brittanje binne die Statebond tot gevolg gehad het nie, maar meegehelp het om die Ryksbande te verstewig.**

Die Kaapstadse oggendblad, die Cape Times, na aanleiding van die feit dat Indië nou as republiek 'n volwaardige lid van die Statebond bly en die Kroon as simbool van „vrye samewerking" aanvaar, stel die vraag of Indië nog enige trou aan die Britse koning verskuldig is, en as dit die geval is, of hy dan nog 'n republiek kan wees.

**„Hierdie vraag toon hoe vrugteloos enige poging is om die nuwe situasie te beoordeel in die tradisionele taal van die wetgeleerde. In hierdie opsig was daar geen betekenisvolle verandering nie. Die eerste Gemenebes was eweveel verbluffend en verydelend vir die konstitusionele deskundige. Vir baie jare is daar geargumenteer oor die punt of die koningskap deelbaar is, of 'n dominium kan afskei en of hy neutraal kan bly. Al hierdie vrae is bevestigend beantwoord deur gebeurtenisse, en die ergenis van konstitusionaliste het geen verandering teweeggebring aan die een groot feit en regverdiging van die konstitusie van die Gemenebes nie — DIT WERK."**

### „SY EIE TEVREDENHEID"

Dan vervolg die blad: „'n Belangrike feit is dat Indië, 'n groot en magtige land, lid van die Statebond bly. Vir sy eie tevredenheid is hy 'n republiek. Maar aangesien die onafhanklikheid van ander lede van die Statebond volledig is volgens alle maatstawwe waarmee onafhanklikheid gemeet kan word, is Indië nie meer onafhanklik as enige ander lid nie, en die ander lede is nie minder onafhanklik nie. Met ander woorde, daar was geen werklike verandering nie en die deug van die Britse genialiteit om dogmas te vermy by die aanpassing van konstitusionele ligg me tot veranderde omstandighede is opnuut gedemonstreer.

### DIE VEREISTE

**„Die noodsaaklike vereistes vir lidmaatskap van die Statebond is eendersheid van belange en 'n gemeenskaplike aanvaarding van vrye parlementêre instellings. Solank as wat dit bly, kan die wesenlike eenheid van die Statebond nie verswak word nie, net soos dit nie versterk kan word deur formules en formaliteite nie.**

### BLY ONVERANDERD

„Vir Suid-Afrika is die betekenisvolle sinsnede ,die ander lande van die Statebond, wie se grondslag van lidmaatskap van die Statebond, onveranderd bly. . . . .' Met ander woorde, die konstitusionele pad na 'n republiek is nie makliker en ook nie swaarder gemaak nie. Mnr. Strydom en sy vriende sal waarskynlik dink dat hul taak om die idee van 'n Suid-Afrikaanse republiek te verkoop, makliker gemaak is omdat hulle nou kan argumenteer dat 'n republiek nie beteken dat die Statebond verlaat word nie. . . .

### „LOGIES"

**„Dr. Malan se kanttekening skyn logies te wees as dit bloot 'n beklemtoning is dat daar geen verandering in die koning se grondwetlike pligte is nie. Met ander woorde die grondwetlike funksie van die koning sal nog steeds afsonderlik uitgeoefen word binne elke ledestaat en nie gesamentlik as hoof van die Statebond nie," aldus die Cape Times.**

## SIEL VAN EMPIRE BLY BEHOUE

**Geen ooreenkoms sou in Londen moontlik gewees het nie as dit nie was dat die grondwet van die Statebond organies en heeltemal buigbaar was nie sodat hy sy liggaam kan verander sonder om sy siel te versteur, verklaar die Britse blad, Daily Telegraph.**

**„Die Nuwe Statebond is 'n eenheid van hart en strewe en nie van tydelike belange of van droë woorde soos stof nie."**

## STATEBOND NOU WEER BRITS

Terwyl daar by die vorige Statebondskonferensie gedurende Oktober 1948 formeel besluit is dat die benaming ,Brits' voor die Statebond sal wegval, maak die verklaring wat die afgelope week deur die eerste ministers uitgereik is, opnuut melding van „Britse Statebond".

Toe die ,Brits' verlede jaar deurgehaal is, is dit deur Downingstraat beskryf as „betekenisvol" omdat dit „'n wyer begrip behels".

In die jongste verklaring lui dit: „Die regerings van die Verenigde Koninkryk, Kanada, Australië, Nu-Seeland, Suid-Afrika, Indië, Pakistan en Ceylon, wie se lande verenig is deur die BRITSE Statebond en WAT TROU AAN DIE KROON VERSKULDIG IS, wat ook simbool is van hulle vrye assosiasie, het die op hande synde grondwetlike veranderings in Inië oorweeg."

## NUWE PARTY VERSMOOR

**Die moontlikheid dat 'n nuwe werkersparty in die lewe geroep sal word wat 'n verreikende gevolg vir die politieke ewewig van die Unie kon hê, is die afgelope week die nek ingeslaan toe aangekondig is dat die Mynwerkers — wat die stukrag agter die beweging was — nie aktief tot die politiek sal toetree nie, nadat verteenwoordigers van die H.N.P. hulle bearbei het.**

Die Mynwerkersvakbond het, nadat dr. Albert Hertzog hulle toegespreek het, besluit om af te sien van die plan en 'n waaksaamheidskomitee in die lewe te roep wat met die hoofbestuur van die Herenigde Party sal skakel om die belange van die Mynwerkers te bevorder. Daar is ook 'n onderkomitee bestaande uit Randse H.N.P.-L.V.'s saamgestel wat hulle vir die belange van die mynwerkers sal beywer.

In die kringe wat die party wou loods is verklaar dat die twee groot bestaande partye die werkers se saak veel sterker bepleit as hulle in die opposisie is as wanneer hulle in die Regering is.

## NATURELLE KAN IN LOKASIES BOU

'n Wetsontwerp om dit moontlik te maak dat halfgeskoolde naturellebouwerkers teen laer lone as blankes werk, sal nog hierdie sitting ingedien word, volgens aangekondig is op 'n konferensie wat naturellebehuising in die Unie bespreek het.

Die wetsontwerp sal voorsiening maak dat geen naturellebouwerker in 'n blanke gebied in diens geneem mag word nie, tensy hy die loon van 'n blanke ontvang, maar sulke naturelle kan hulle in die lokasies teen laer lone verhuur.

# AFSKUWELIKE ROL VAN V.S.A.-NEGERS IN DUITSLAND

**Na die eerste wêreldoorlog is die Duitse volk onderwerp aan die losbandigheid van Franse neger-soldate wat 'n swart terreur in die westelike dele van Duitsland bewerkstellig het. Na die tweede wêreldoorlog het die Amerikaners op hul beurt weer 'n swart verskrikking op die Duitse volk afgelaai.**

**In Augustus 1946 het die korrespondent van die Chicago Daily News aan die lig gebring dat daar 42,000 swart Amerikaanse soldate onder die Amerikaanse besettingstroepe in Duitsland was. Hy het daaraan toegevoeg: „Hulle is beslis nie afgerig en gedissiplineerd vir hierdie werk nie. Hulle het 'n**

hoër misdaadsyfer en 'n geslagsiektesyfer verskillende male so hoog soos dié van die blanke soldaat. Inderdaad word die grootste vraagstuk geskep deur ons gekleurde troepe wat met blanke meisies omgaan. Dit veroorsaak 'n diepe haat onder die Duitse mans."

Statistieke van die Amerikaanse leër het getoon dat in Julie 1946 gemiddeld 771 negersoldate uit elke 1,000 aan geslagsiekte gely het. Met die oorvloedige voedselrantsoene tot hul beskikking het hulle geweet hoe om die nood van 'n wanhopig-verhongerde volk uit te buit. Tot watter mate dit dan ook geskied het, word aangedui deur die korrespondent van die Chicago Tribune wat as volg skryf:

„Statistieke toon aan dat die syfer vir geslagsiekte in noue verband staan met die voedselvoorsiening van die burgerlike bevolking tydens ons besetting. Nadat die wintervoorraad aartappels die afgelope herfs aan die Duitsers uitgedeel was, was daar 'n daling in die aantal soldate wat aangetas is. Namate Duitse meisies hongerder geword het, is meer soldate aangetas. Die besnoeiing van rantsoene verlede lente is ook weerkaats in 'n hoër syfer vir geslagsiektes."

## SOEK NA NOAG SE ARK

Egerton Sykes, 'n 54-jarige afgetrede siviele amptenaar, glo dat die oorblyfsels van Noag se ark onder die ys van die berg Ararat begrawe lê en dat die verlore vasteland van Atlantis gevind kan word. Hy is so oortuig van sy saak dat hy in Junie na Noordoos-Turkye vertrek om die ark op te spoor.

Hy het gesê: „Ek hoop om te bewys dat daar 'n wêreldvloed gedurende die jare 10,000 v.C. en 12,000 v.C. was, ten einde sodoende die sondvloed-verhaal in Genesis te vestig.

Van Russiese kant word egter beswaar gemaak teen die onderneming. Hulle sê dit is spioenasie.

## REGISTRASIE VAN RASSE

Ten einde die plan van die regering om 'n bevolkingsregistrasie in werking te stel, te vervolmaak, sal mnr. I. J. Raats, Direkteur van Sensus en Statistiek, wat so pas teruggekeer het van die buiteland waar hy inligting oor so 'n stelsel ingewin het, die konsepwetsontwerp in hierdie verband, wat reeds opgestel is, ondersoek en aanvul.

Volgens die plan sal elke burger van die land volgens sy ras geregistreer word. So 'n registrasie sal waarskynlik saamval met 'n volkstelling.




BEROEMD *en* WELBEKEND
*oor die 66 jaar vir*
BESTE WAARDE
*in*
**KLAVIERE**
*VLEUELKLAVIERE*
*HUIS- EN KERKORRELS*
sowel as alle
ander soorte MUSIEKINSTRUMENTE en Toebehore.
GRAMMOFONE, Plate, ens. — DRAADLOOSTOESTELLE
BLAD- en BOEKMUSIEK in grootste verskeidenheid

*Spesiale Afdeling:*
**WAPENS**



PATRONE, Jagbenodigdhede, VERKYKERS, Weerglase
Sakmesse, Valle vir Ongedierte, Jagmesse, ens.

*Nuwe afdeling vir*
YSKASTE • ELEKTRIESE STOWE • Elektriese Artikels
**R. MÜLLER (Eiens.) BPK.**
Hoek van Kasteel- en Burgstraat — Posbus 133 — KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 4 MEI 1949

# DIE EMPIRE GERED

In Indië, in Suid-Afrika en op ander plekke van die aarde sal daar in die volgende maande, miskien jare, gedebatteer en gepolemiseer word oor wat die Britse Statebond eintlik is en wat die koning se grondwetlike mag daarbinne alles inhou, net soos hierdie vraagstuk konstitusionele denkers besig gehou het sedert 1927 toe in Londen 'n formule opgestel is wat binne Suid-Afrika in 1939 nog op twee maniere vertolk was.

Maar in Downingstraat 10, Londen, sal daar geen beskouings uitgespreek word oor wat nou eintlik behels word deur die klompie woorde wat verlede Donderdag wêreldkundig gemaak is en waaraan dr. Malan self 'n kanttekening toegevoeg het nie. **Die formule is nie bedoel om vertolk te word nie, maar om die Britse Ryk aanmekaar te hou, en solank dit hierdie doel dien, sal dit Londen koud laat watter gevolgtrekkings daarvan afgelei word.** Londen is selfs nie eens baie jaloers op sy slim formule nie — iets wat die Cape Times roem as 'n nuwe bewys van Britse genialiteit — **hy is doodtevrede om selfs dr. Malan alle krediet vir die opstelling daarvan te laat toekom! En waarom nie, as so 'n krediettoekenning sal bydra tot die versterking van die bande wat die formule bedoel is om te wees?** As dr. Malan die leier van die land wat die eerste moes gewees het om „die pad van Ierland" te volg — maar nou altemits Indië s'n — gemaak glo kan word dat dit eintlik sy idee is wat in Londen uitgedink is — sy „republikeinse idee" van binne die Ryk te bly — **dan is die proses van wegbreking uit die Britse Ryk soos Ierland, mos daar en dan afgesny. Republikeine in Suid-Afrika kan mos nie nou die groot idee van hul „beproefde leier" verwerp sonder om hom „te onteer" en „in sy groot werk te strem" nie! (Kyk Die Transvaler van 19 April.)**

### DIEN NOG SELFDE DOEL

Die allerlei uitleggings oor wat presies die Britse Statebond nou eintlik is — let wel die woord „Brits" wat kort gelede weggelaat is het weer sy verskyning gemaak — mag wissel van Keeromstraat se poging om te beduie dat ons nou 'n **„republiek"** binne die Statebond kan word, terwyl ons voorheen net die reg gehad het om 'n **„republikeinse staatsvorm"** te aanvaar (afgeskei van die Britse Ryk, wat die blad verswyg) tot die Cape Times se standpunt dat dit die posisie wesenlik onveranderd laat, **maar die kern van die hele saak bly onveranderd: die Britse Statebond bly voortbestaan vir dieselfde doel as wat dit voorheen gedien het — naamlik vir die „gemeenskaplike welsyn" van Brittanje — of die lede daarvan nou al republieke genoem word of dominiums.** Dit is 'n familie van „sustervolke" soos dr. Malan dit noem, **en solank hierdie familieband voortbestaan, gee Moeder Engeland nie om of die dogters trou en hul van verander nie — hulle by Moeder se kinders wat in liefde sal gee, en die feit dat die huwelikstaat moontlik kan toevoeg tot die vermoë van die dogter om te help in Moeder se „gemeenskaplike" behoeftes, is eerder aan te beveel as te veroordeel.** As die selibatiese armoede — in die vorm van republikeinse verset — nou vervang kan word deur die aangetroude rykdom van nuutgewonne lojaliteit teenoor ons „nuwe hoof" en „nuwe simbool" en „grootmoedige sustervolk" Engeland, waarom die huwelik met mnr. Die Republiek nie toelaat nie?

### NOOIENSVAN

Moeder Engeland gee niks om dat die nooiensvan van „mej. Dominium" verander na „mev. Republiek" solank dit nie die familieband affekteer nie, solank dit maar net „werk", soos die Cape Times dit stel. **En dat hierdie nuwe formule die familieband geensins verswak nie, dog juis versterk, word reeds klaar toegegee deur die Engelse pers sowel hier as in Londen.** So loof die Daily Telegraph die Statebond se „buigbaarheid" wat hom in staat stel **„om sy liggaam te verander sonder sy gees te versteur", en die** Cape Times se korrespondent berig uit Londen dat die eerste ministers daar **„voel dat hulle meer en nouer samewerking van dr. Malan verseker het", en dat „hulle oortuig is dat hy dit (die samewerking) sal bly gee op die grondslag soos hy dit uiteengesit het in sy toespraak in die Uniesenaat."**

Die proses van opbrokkeling van die Britse Ryk is deur die nuwe formule verhoed nadat net Ierland uitgespring het, soos Die Burger self ook op 21 April erken wanneer hy sê: „As lidmaatskap van die Statebond nie by die republiekwording van een of meer lede aangepas kan word nie, gaan die Statebond binnekort Indië en later ander state as lede VERLOOR. . . . . **Dit is die taak van die Londense konferensie om hierdie dilemma te bowe te kom. . . . . die alternatief is stilstand en agteruitgang (van die Britse Statebond!).**"

**Dit is duidelik dat die Britse Empire van verdere verbrokkeling en „agteruitgang" verlede week in Londen gered is.**

**Maar ons was altyd onder die indruk dat dit die republikeinse taak was om daardie verbrokkeling en agteruitgang te verhaas in plaas van dit te verhoed.**

# Die Samesweerders

(SLOT)

Pieterse neem die lamp. „Sal die here my volg?" Hy gaan van vertrek na vertrek, stoot die deure oop, en staan dan daar en wag terwyl die drie geregsdienaars die vertrekke verder deursoek met behulp van hulle flitse. Dit is moeilik om te sê of dit die spel van lig en skaduwee is wat om Pieterse se mond speel en of dit werklik 'n grynslag is wat elke keer plooi-skaduwees om sy mond en oë trek — veral as die sersant die agterhoede vorm.

„U was nou in ál die vertrekke, behalwe die kombuis en in hierdie kamer. Soos die sersant self weet is hier geen kelders of solders nie. In hierdie kamer slaap my vrou en baba. In die kombuis is u welkom, maar om in hierdie kamer in te gaan, vrees ek, luitenant Coetzer van die spesiale speurdiens, sal u my eers moet boei of bewusteloos slaan." Pieterse staan nou regop in die deur en sy gesig is weer streng en ernstig. Daar is 'n eienaardige, amper sinvolle lig-en-skaduweespel om die gesig van die sersant, wat dadelik verdwyn as die speurderoffisier na hom kyk — vraend kyk.

„U is in bevel, luitenant", is die saaklike teregwysing van die sersant. En dit skyn asof hy glad nie jammer is om in hierdie geval die mindere te wees nie.

Die luitenant van die spesiale speurdiens kyk weer van die sersant na Pieterse. Die tweede speurder het blykbaar nie meer erg in die huissoeking nie. Hy kyk aandagtig in die lig van sy flits na 'n prent aan die muur.

„Wys ons die kombuis", beveel die offisier.

Pieterse stap die gang af, gevolg deur die prosessie: eers die luitenant, dan die speurder, dan die sersant. Hy stoot die laaste deur oop.

„Ek sal die vuur aansteek, en solank die water kook kan die here die buitegeboue, krale, stalle, tuine en ander verdagte plekke deursoek". Dit aan die adres van die luitenant, en dan as 'n nágedagte: „Miskien sal die koffie u humeur 'n bietjie opknap, sersant."

Pieterse het die aangepakte vuur aangesteek en 'n lantern, en sy sleutels van die rak afgehaal.

„Ek glo nie dis nodig nie, meneer", meen die luitenant van die spesiale speurdiens.

„Luitenant, ek eis nou dat u alles deursoek. Dan sal u in die toekoms waarskynlik minder geneigd wees om stories te glo en nagtelike besoeke af te lê. Ek dink vir ons albei se gemoedsrus sal dit beter wees. En dit sal my die moeite spaar om môre aan hoër instansies 'n klag deur te stuur dat u pligte nie behoorlik uitgevoer het nie."

Die luitenant kyk weer na die sersant, maar hierdie amptenaar het blykbaar niks gehoor nie.

Nukkerig en teensinnig draai luitenant Coetzer die kombuisdeurknop. Hy is skynbaar nie baie lus om te praat nie.

„Ekskuus, luitenant, die deur is gesluit." En terwyl Pieterse die sleutel draai, gee hy nog 'n steek: „Nogal van binne gesluit. As speurderoffisier van 'n spesiale afdeling sal u seker besef dat niemand dus hieruit ontsnap het nie."

Buite word die soektog voortbesit — die buitekamers, die motorhuis, stalle, — alles was aan die orde. Pieterse was blykbaar onverbiddelik — met een of ander onbekende behae in die affêre. Dit het almeer begin lyk asof hy in bevel is en die geregsdienaars die slagoffers, inplaas van anders om. Toe hy na die krale wou stap het die luitenant geweier. Hy het twee kort fluite gegee en na 'n rukkie het nog twee man opgedaag en voor hom op aandag gestaan.

„Het julle die krale en tuin deursoek?"

„Ja, luitenant."

„Eingiets gesien?"

„Absoluut niks, luitenant."

„Goed, roep dan die res bymekaar en gaan na die motors."

„Goed, meneer."

„Sersant, ons kan maar gaan". En die luitenant draai al om na die motors.

„Ag nee, luitenant. Ek het nie verniet die koffiewater laat kook nie. Om 'n koppie koffie te maak en te drink hoef nie langer as 'n kwartier te duur nie. Ek sal nie op goeie maniere aandring en verwag dat die koppies moet koud word voordat u afskeid neem nie. Môre verwyt u my straks weer dat ek nie alles in my vermoë gedoen het om die polisie behulpsaam te wees om 'n onaangename taak te vergemaklik nie."

**'n Verhaal Uit Die Oorlogsjare**

**deur Johann Hendricks**

Die luitenant het weer onwillig gevolg. En so is die prosessie huistoe. Vooraan loop Pieterse, dan die speurders, dan die sersant. Om Pieterse se gesig was daar in die lanternskynsel 'n lig-en-skaduspel, maar die maanlig was te dof om enigiets op die luitenant of die sersant se gesigte te lees.

In die kombuis het Koos Pieterse koffie gemaak en beskuit uitgehaal.

„As die luitenant nie omgee nie, kan hierdie vriend" — Pieterse wys na die speurder — „die ketel koffie en die koppies motors-toe neem vir die ander onbekende en tot dusver onsigbare vriende."

Die drie agterblywendes drink in stilte.

As die speurderoffisier sy koppie neersit, sê Pieterse: „As u verdere besigheid het, hoef u nie langer te vertoef nie. Indien u egter wou rus — my huis staan oop vir almal wat behoefte het aan herberg. Ek sou vereerd voel — en veilig — om die spesiale speurdiens van Sy Majesteit te herberg."

„Dankie, meneer, ons moet ry." Dan kyk die offisier van die spesiale speurdiens 'n oomblik onwillig in Pieterse se gesig en dit is asof die donker trekke vir 'n oomblik versag. „Dankie vir u hulpvaardigheid, en vir u . . . . u gasvryheid."

„Nie te danke en tot u diens. Ek voel self baie verlig dat ek nou weer in die oë van die gereg gerehabiliteer is. Alle sukses verder!"

Toe alles weer stil was op die werf, het Koos Pieterse gaan lê. Met die hele polisiemag op huissoeking uit, het hy gedink, en met soortgelyke vertragings op elke plek, behoort dit nie te moeilik te wees om weg te kom nie. Teen hierdie tyd behoort die duifie al baie ver te wees, en teen die tyd dat die polisie terug is op die dorp, kan die helpers al weer veilig tuis wees.

Koos Pieterse het rustig geslaap tot son-uit.

. . . .

V

Omtrent dieselfde tyd toe die huissoeking by Pieterse afgeloop het, hou die groot Mercury-motor van meneer Josias van Vuuren, Republikeinse L.V., in die skaduwee van die spruit se bome, nouliks driehonderd tree van die klubhuis af, stil. Dit was twee jong kêrels wat uitgeklim het. Nie die L.V. self nie.

„Dit is nou nie juis die einste plek waar ons hom gekry het nie; maar darem naby genoeg."

„Jou maniere laat veel te wense oor, Klaas", berispe nommer twee hom. „Om sommer ander se eiendom te organiseer en dit dan nie eers weer op sy oorspronklike plek terug te besorg nie. Hoe het jou pa jou opgevoed?"

„Miskien sou my pa my oor soiets eerder opgevoeter het" erken Klaas terwyl hy sy handskoene uittrek en in sy sak stop. „Maar dit is 'n oer-instink by ons Wesselse om éérs versigtig en dán goedgemanier te wees. Ek hoop maar oom Josie het 'n „lift" gekry. Dit sou darem onwaardig wees vir 'n L.V. om middernag voet te slaan huis-toe."

„En nogal van die klub af", las nommer twee weer by. „Mense kan straks 'n ewe onwaardige verklaring daaraan heg."

„Nou toe maar, Frik, dit is sy kwellings. Teen hierdie tyd is ons duifie byna honderd-en-veertig myl hiervandaan. Dit noem ek nou grootmoedige naasteliefde — onthou dit vir die volgende verkiesing, dat ons L.V. se linkerhand nie weet wat sy regterhand doen nie."

„Om die waarheid te sê", verbeter Frik weer, „geeneen van sy hande weet eintlik wat sy Mercury vannag gedoen het nie. Geen vingerafdrukke om verraad te pleeg nie; geen verandering aan die mylafstand om slapende honde wakker te maak nie — gelukkig dat jy 'n goeie werktuigkundige as vriend het —. En die welriekende damessakdoekie en effense poeiertjies sal moontlik 'n heeltemal ander storie suggereer."

„'n Mens kan maar sê ons L.V. is tot sy ore in die sameswering."

## WIL PETROL INKORT

**Die regeringspers berig dat dit op die oomblik oorweeg word om die verbruik van petrol in te kort deur mense met motors wat buite hulle distrikte ry te verbied om dit te doen. Die regering wil dit doen om die Unie se petrolrekening kleiner te maak.**

Die plan is nie om die verkoop van petrol in te kort nie. Dit sal nog vryelik verkoop kan word, maar perke sal gelê word op die bewegings van motoriste. Waarskynlik sal mense nie toegelaat word om verder as hul buurdistrikte te ry nie.

Die Unie verbruik byna 1,000,000 gellings petrol per dag wat jaarliks sowat £14 miljoen kos.

Indien die inkorting van krag word, sal dit beteken dat sakemanne en mense wat wil gaan vakansie hou van die treine gebruik moet maak — wat veel duurder is.

**'n Plan om Japan** vir die Christendom te wen sal deur genl. McArthur van stapel gestuur word. Onder meer sal 10,000,000 Bybels in die land versprei word.


## UNIE-TYDTAFEL

**Dit word vir algemene inligting bekend gemaak dat 'n nuwe Unie-Tydtafel vanaf Maandag, 6 Junie 1949, in werking sal tree en binnekort by Spoorweg Boekwinkels te koop aangebied sal word.**

**Aandag word spesiaal gevestig op veranderings in die treindienste tussen:**

**Johannesburg en Kaapstad.**
**Johannesburg en Port Elizabeth.**
**Johannesburg en Oos-Londen.**
**Johannesburg en Mosselbaai.**

**en tot 'n mindere mate op ander trajekte. Moontlike passasiers word aangeraai om hulle plaaslike stasiemeester of die Publisiteits- en Reisafdeling te raadpleeg alvorens reise oor lang afstande te onderneem.**

**W. M. CLARK,**
**Hoofbestuurder.**

# MALAN SWAAI TERUG

**Mnr. J. S. van der Spuy, Klipheuwel, skryf:**

Die verklaring van dr. Malan in die senaat oor ons imperiale verhoudings en die republikeinse beleid van die O.B. soos tans deur u blad vertolk word, het vir my en ander laat dink en in groter verwarring laat beland.

Ek het altyd gemeen dat ons oorskakeling na 'n republiek finaal deur die Statuut van Westminster van 1927 opgelos is en dat ons vanaf daardie datum soewerein onafhanklik is, en of en wanneer ons 'n republiek hier wil uitroep 'n blote huishoudelike saak is, en iets is waarmee nòg Engeland nòg Imperiale konferensies iets oor te sê het. My stelling word gestaaf deur wat so pas in Ierland gebeur het en binnekort in Indië gaan gebeur.

Die verklaring van dr. Malan in die senaat is vir my 'n weergawe van die politieke rigting wat wyle genl. Hertzog en min. Havenga vanaf 1927 gevolg het. Of dr. Malan nou deur die groter verantwoordelikheid wat hy dra of onder die invloed van min. Havenga na die ou standvastige en gesonde verstand Hertzog-rigting terug swaai, maak nie saak nie.

Inteendeel behoort ons trots te wees op, en steun te verleen aan, die gesonde politieke insig van min. Havenga, waar selfs 'n dr. Malan nou deur omstandighede gedwing word om sy hele politieke filosofie vanaf die skeuring van 1933 te verlaat en nou saam met min. Havenga 'n republiek los van die Gemenebes as 'n saak vir ander jare te beskou, en ons aandag nou skenk aan ander ingewikkelde probleme en die finansies van ons land om dit eers op 'n gesonde basis te kry.

Is ek nou verkeerd as ek die huidige situasie as volg opsom: Eerstens, dr. Malan swaai terug na die Hertzog-Havenga rigting sover dit ons soewereine onafhanklikheid betref, maar die O.B. wil voortgaan op die ou H.N.P.-republikeinse pad. En tweedens die O.B. is besig om hul leier op die politieke front, min. Havenga, in 'n kritieke oomblik in die steek te laat en help om hom as 'n politieke faktor uit te skakel.

[Artikel 2 (d) van die Afrikanerparty se program van beginsels lui onder meer: „Die Party is daarvan oortuig dat die republikeinse staatsvorm **afgeskei van die Britse Kroon,** hom die beste aanpas by die tradisies, omstandighede en aspirasies van die Suid-Afrikaanse volk, en tewens **die enigste effektiewe waarborg** is dat Suid-Afrika nie weer in Groot-Brittanje se oorloë sal ingesleep word nie. Die Party sal hom dus beywer om alle ongerymdhede wat die volste uitlewing van daardie volste vryheid belemmer, uit die weg te ruim."

Dr. Malan se verklaring daarenteen lui: **„Suid-Afrika wil homself beskou as lid van 'n nouer kring van susterolke w.t gemeenskaplike belange het."** (Die Burger, 9 April.)

Ons moenie uit die oog verloor nie dat genl. Hertzog in 1942 gesê het dat 4 September 1939 bewys het dat ons selfstandigheid nie genoegsaam binne die Statebond (die bond van „sustervolke") gewaarborg is nie — **vandaar bogenoemde artikel in die Afrikanerparty se program v..n beginsels, soos deur genl. Hertzog self opgestel.**

Dr. Malan keer dus nie terug na die Hertzog-standpunt nie, maar na sy eie van 1927 toe hy gesê het: „Engeland is die moeder van ons vryheid" en **„Hollandssprekende Suid-Afrika wat tevore nie in die Britse vryheid geglo het nie, glo vand..g daarin as 'n werklikheid"** (Die Volksblad, 7 Oktober 1927).

Wat die Rykskonferensie betref, dit kon 'n republiek **prakties politiek** gemaak het deurdat eenstemmigheid in Londen oor **afskeiding** met behoud van 'n saamwerk-verdrag buite die Ryk alle teenstand teen 'n republiek sou weggeneem het, soos trouens die Cape Times erken het.

Wat egter op die Rykskonferensie gebeur het is 'n **terugwaartse stap** vanuit die oogpunt van republikeine gesien — genl. Hertzog het vir Suid-Afrika die reg verkry om 'n republiek te word **buite** die Statebond, terwyl dr. Malan nou die toegewing gedoen het dat Suid-Afrika 'n republiek **binne** die Statebond kan word met die koning as „hoof" en „simbool" daarvan. **Dit is** (Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom) **beslis 'n terugwaartse stap op die Hertzog-pad. Instede dus om mnr. Havenga en die Hertzog-rigting op 'n kritieke stadium in die steek te laat, wil die O.B. verhoed dat die werk van genl. Hertzog ongedaan gemaak word. — RED.]**

# Soos Ons Lesers Dit Sien

# Ons Grootste Vernedering

**Mnr. J. V. C., Burgersdorp, skryf:**

Dit is die grootste vernedering wat die republikeinse Afrikanervolk moet verduur om te hoor dat ons tevrede is om onder die Britse konneksie te bly en dat hierdie verbintenis vir ons goed is.

Wat baat dit nog dat voormanne praat van Slagtersnek, Bloedrivier, die moordkampe van die Engelse oorlog en die Vrouemonument wat ten hemel roep? Is dit die saad wat ons volk van al ons smarte en lyding terwille van 'n republikeinse ideaal pluk? Roep die offers dan nie omhoog nie?

Is dit al wat uit die lyding en smarte gebore is: ons is tevrede soos dit is. Ons kan alleen met smarte uitroep: Hoe lank sal ons dit nog verdra! Moet ons dan as volk swyg as daar partyvoordeel uit die sielsverlange van die volk gehaal word? Alle ideale het meteens verdwyn en voor ons oë weggesmelt. Ons is stom en verslae oor wat ons aanskou.

Wáár is dan die gees van Kruger, De Wet en Steyn? Waarom hoor mens nie van hulle nie en waarom swyg hulle? Wat is dan verkeerd? As ons nie ons Afrikanersiel oopmaak nie, sal die klippe uitroep: onthou, onthou!

Nou dat die tyd aangebreek het dat ons ideaal verwesenlik word moet ons hoor: Ons is tevrede soos ons dit het. Wat 'n ramp het die Volk die afgelope jaë getref!

Genl. Hertzog het die pad oopgemaak. Die wêreldsomstandighede het gemaak dat die appel in ons skoot kon val. Vir daardie appel sê ons nou: nee dankie. Indien ons voortgaan op hierdie pad kan ons maar by voorbaat skryf ‚Ikabot'.

# STRYDOM STEM SAAM MET DR. MALAN

In 'n persoonderhoud het mnr. J. G. Strydom, Minister van Lande en leier van die H.N.P. in Transvaal, hom vereenselwig met nuwe „republikeinse" beleid van die H.N.P., naamlik om republiek binne die Britse Statebond na te strewe. Hy het gesê dat die grootste beswaar van Britsgesindes in die land nog altyd was teen verbreking van die konneksie met die Statebond. As die land nou 'n republiek kan wees sonder om die konneksie te verbreek, moet dit die verset wat daar in die land teen die republikeinse strewe is, verminder.

---

**In die provinsiale tussenverkiesing te Gezina, waarvan die uitslag Donderdag aangekondig is, het die H.N.P.-kandidaat, mnr. F. P. Smit, die V.P.-kandidaat met 1,394 stemme verslaan.** Tydens die algemene verkiesing het die H.N.P. die setel met 1,367 stemme verower. Die verkiesing het stil verloop.

# WIL LIBERALE PARTY STIG

**Die Engelse pers berig dat 'n Liberale Party, onder leiding van mev. M. Ballinger, naturelleverteenwoordiger, moontlik binne kort in die lewe geroep kan word. So 'n party sal liberalisme op die voorgrond stel en hom veral toespits op die naturellevraagstuk. As daar genoeg steun gevind kan word, kan die party nog voor die einde van die huidige sitting die daglig sien.**

Aan die Cape Argus het mev. Ballinger verklaar dat die „reaksionêre beleid van die H.N.P." alleen doeltreffend beveg kan word as daar 'n duideliker skeidslyn tussen die twee partye is oor die naturellebeleid.

Dit is twyfelagtig of die party genoegsame steun sal kan trek om 'n invloed in die politieke lewe te wees. Die V.P. sal so 'n party nie verwelkom nie hoewel daar sommige L.V.'s mag wees wat dit sal oorweeg om steun aan die groep te verleen.

# Ontugwet Uitgebrei

**Die regering oorweeg tans wetgewing om buite-egtelike omgang tussen blankes en Kleurlinge, soos in die geval van blankes en naturelle, onwettig en strafbaar te maak, na verneem word. Amendering van die Ontugwet sal nodig wees. So 'n maatreël sal voortspruit uit die wetsontwerp om gemengde huwelike te belet.**

# ‚STORMJAERS'

**Hester en haar twee Stormjaer-boeties, die drieling van mnr. en mev. D. J. Coetsee van Coopersdal, Komatipoort, wat danksy die onbaatsugtige hulp van belangstellende vriende, nou al agt maande oud is. Mnr. Coetsee, wat as gevolg van die vorige regering se oorlogsywer 4½ jaar in die sentrale gevangenis moes sit, laat weet dat dit met hom nog nooit beter gegaan het as nou dat hy as een van die „Rebelle Sonder Gewere" gebrandmerk is nie. Hy is tans werksaam in die groente- en tabak-sindikaat waarvan hoofgenl. P. de W. Wiid een van die direkteure is.**



**„Niks is aangenamer as om saans, moeg van tabak en tamaties, tuis te kom en dan jou eie ‚Leër' af te rig en te dissiplineer vir die stryd wat ook hul geslag sal moet voortsit nie", deel mnr. Coetsee onder andere mee.**


WEES BESKERM!
MOTOR-Assuransie by—
SANTAM
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE TRUST EN ASSURANSIE MPY., BPK.
Takke dwarsdeur die Unie.

TRANS-AFRIKAANSE VERSEKERINGSMAATSKAPPY. BPK
'n Eg onafhanklike Suid-Afrikaanse onderneming wat deskundige versekeringsdiens aanbied — lewensassuransie uitgesluit.
• BRAND • ONGEVALLE
• MOTOR • MARINE, ENS.
Voorsitter van die Direksie: PROF. L. J. DU PLESSIS
HOOFKANTOOR:
DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG
Telefoon 33-3892 - Tel. Adres „VERSEKER"
AGENTSKAPPE DWARSDEUR SUID-AFRIKA
AANSOEKE VIR AGENTSKAPPE WORD VAN VLYTIGE AGENTE INGEWAG
ALGEMENE BESTUURDER - - A. C. KILBURN

PROBEER DIT!
VIR OË-TOETS
Kyk hoe verdwyn hulle!
Het u geweet dat ons almal 'n blinde kol het? Maak u linkeroog toe. Hou hierdie advertensie 'n voet of twee van u regteroog af en beweeg dit langsaam nader, met u blik steeds op die kruis. Die vierkant sal verdwyn, dan sal dit weer verskyn en die stippeltjie sal verdwyn, sodra hulle u blinde kol bereik!

...VIR SMAAK-TOETS
Neem twee skuiwe van enige soort sigaret, behalwe Kommando. Moenie die eerste skuif intrek nie, maar blaas dit saggies deur u neusgate uit. Neem nou die tweede skuif, trek dit in en blaas dit dan deur die neusgate of deur die mond uit. Toets Kommando nou op dieselfde wyse. Let op watter sagter, geuriger rokie u van Kommando kry.






U OË MAG U BEDRIEG—MAAR U KAN STAAT MAAK OP U SMAAK
Kommando
Die Vriendelike Sigaret
10s, 20s, 50s, met of sonder kurk.
G1.300

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**
(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Handelsadvertensies:**
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

**Intekengeld op „Die O.B." (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/6 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

## PERSOONLIK

**WIL GRAAG O.B.-LEDE ONTMOET:** Indien u Suidwes-Afrika besoek en u kom in OUTJO, moet u nie nalaat om by die Sentrale Handelshuis aan te kom nie. Behalwe enige handelsware kan ons u ook met petrol en olie voorsien. Verneem na ondergetekende: **George van der Smit.** 4/5/1B

## ALGEMEEN

**AANDAG!** Neem asseblief kennis dat ek vanaf April 'n Markagentskap begin — Munisipale Mark, Uitenhage.

Adresseer u produkte B/UTH en wees verseker van beste resultate en onmiddelike uitbetalings. — **U. S. Bellingan.** 9/3/49 TK

## DAMES, AANDAG!

**Dames en Huisvrouens, Aandag!** Ek vra as mede broer u vriendelike ondersteuning. Baie dankie.

(1) Vergemaklik u stopwerk en spaar tyd. Vir posorder 12/6 kry u 'n stopmasjientjie met volle besonderhede van gebruik daarvan vir stop van kouse, wol en alle materiaalgoedere. Slegs 'n beperkte voorraad verkrygbaar. Om teleurstelling te voorkom bestel dadelik.

(2) **GLISTO** vir skoonmaak van ruite, glas, erde en metaalwerk, 2/- per 6-ons bottel. Alleen bestellings per kissie van 24 bottels word uitgevoer.

Bestel van **J. F. Stemmet, Kloofhuis, Knysna.** 4/5/1

## TE KOOP

**BEESTE:** Opreggeteelde Jerseybeeste uit die beste bloed en melk-rekords. Koeie en verse. — **Zeeman,** Robertson. 1/12/TK

**Eén Massey-Harris Row-crop Trekker,** 102 jnr., 23 p.k., 1945-'46-model, op rubber met ligte en selfaansitter. Goeie toestand. Prys £400. En een Case grondboontjie plukker vir £60. Skryf aan **H. A. Oberholzer,** Prv./Sak Turfbult, **oor Naboomspruit.** 27/4/2

## BOERMEEL

**BOERMEEL** op ons bekende steenmeule gemaal, 21/7 per 100 lb.; gesifte meel, 24/9; witbroodmeel, 26/5; en meelblom, 28/1; plus bankkommissie per 100 lb. sak. K.M.B. — **Mission Store,** Elim, K.P. T.K.

## BOME, PLANTE EN SAAD

**Vars goewerments gesertifiseerde groentesaad:** Chantenay wortels, 6/6; Detroit beet, 5/6; Egiptiese plat beet, 7/6; Greenfeast saaderte, 1/- lb., £6/10/- 200 lb. sak; Copper King (laat harde uiesoort), 10/- lb.; Vroeë Kaapse plat, 9/-. Handelsnavrae verwelkom.— **Kango Saadkwekers,** Posbus 107 **Oudtshoorn.** 16/3/TK

## GESERTIFISEERDE GROENTESAAD

Chantenay-wortels 6/-; Detroit-beet 4/-; Blaarslaai 17/6; Spitskopkool 8/- per pond, posvry. Verkry volledige pryslys van **Premiers,** P.K. Schoemanshoek, Oudtshoorn. 6—4TK

## GENEESMIDDELS

**BEHANDELING GRATIS.** — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjig en verwante kwale ontdek het, dat ons gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREW SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

## MEDISYNE

**BLY JONK.** Verban gryshare. Gryshaarwonder, nuutste wêreldmiddel teen gryshare, skilfers, ens., waarborg gesonde, natuurlike kleur hare, of geld terug. Geen kleurstof. 5/- posvry. Geld met bestelling. Kwale, siektes behandel. — **Boeregeneesmiddels,** Posbus 4272, Johannesburg. (Nr. 1) 2/3/TK

## MEUBELS

**MEUBELS.** — Beter meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —**VISSER-MEUBELS,** Langstraat 291, **Kaapstad.** 3/12/11

## RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

**GEDROOGDE VRUGTE.** — Barrymerk gedroogde vrugte posgeld betaald in Unie, in 5 en 10 pond-kissies. Appelringe 3-Diamant, 2/1; Perskes, 3-Diamant, 2/1; Pere, 3-Diamant, 2/1; Vye, 4-Diamant, 2/3; Pruimedante, 50/60, 1/8½; Rosyne, 3-Diamant, 10½d.; Tros-Rosyne, 4-Diamant, 1/3; Okkerneute, 2/3; Amandels, 1/9; per pond. Volledige Pryslys verkrygbaar van Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

**GESUIKERDE VRUGTE.** — Barrymerk gesuikerde vrugte, 8/6 per ses 1 pond-pakkies of 6/3 per 5 pondkissie, posgeld betaald in Unie. Kontant met bestelling. Ons stuur ook gesuikerde en gedroogde vrugte ten behoewe van kliënte aan vriende oorsee. Verdere besonderhede verkrygbaar by Die Robertson-Handelsvereniging, Posbus 7, Robertson. 24/11/TK

## SOUT

**SOUT** vir dadelike aflewering in goeie sakke. Brandwagte, om 'n eerlike bestaan te maak vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. Spesiale A1 80/-; Sneeuwit No. 1 70/-; Wit No. 2 60/- per ton vrygelaai. Soutwerke tevredenheid gewaarborg. Adres: **Komdte. Mev. Martie Venter,** Possak No. X4, Arbeidsloon, Bloemfontein. 19/1/TK

## GEVRA

**LIGTE MOLWAENTJIE** op motorbande geskik vir twee perde. Besonderhede en prys gelewer naaste spoorwegstasie aan: **C. D. Gerneke, Helena,** P.S. Keervlei, **Vryheid.** 27/4/2B

*Pragtige Modelle*
**in Winteruitrusting**
**BY**
**Steyns**
**Die Modewinkel**
**PAROW**

**G. A. FICHARDT Bpk.**
**HANDELAARS**
BLOEMFONTEIN

A.V.B.O.B.
**Lykbesorgers, Grafsteenmakers.**
**Begrafnisversekeraars**
**Bloemfontein — Pretoria**
**154 Takke**

**PLUIMVEE**
**Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:**
**C. M. ELOFF EN KIE.**
**(Edms.) Bpk.**
**MOREMARK (Posbus 7185) Newtown**

**WAPENS EN AMMUNISIE**
**van alle soorte**
Groot voorraad .22-Gewere
★
**Manie de Villiers,**
**Plaza-Toiletsalon,**
**Voortrekkerweg 102A - PAROW**
**Telefoon 98-9161**
28/8/TK

**RADIOTRONICS**
**(A. Perold en P. Brink)**
Vir herstel en koop van
**ELEKTRIESE APPARAAT**
(Onderneem ook yskasherstelwerk, ankerontwikkeling en lê van kabels in huise en fabrieke)
**Hoofstraat BELLVILLE**
**Foon 97-9114.**

**VERVOERDIENS**
*Vir algemene karweiwerk en ook vervoer van mense tree in verbinding met*
**J. A. STRAUSS**
**Posbus 64 - - Telefoon 9-8355**
**PAROW**

# Wetgewing Vir Aparte Lyste In Voorbereiding

**Wetgewing om die Kleurlinge op 'n aparte kieserslys te plaas, word tans deur die Departement van Binnelandse Sake voorberei, maar dit is nog nie seker wanneer dit ingedien sal word nie. Die regering beskou die saak egter as dringend.**

Die Burger het onlangs berig dat daar aan die H.N.P. namens die A.P. te kenne gegee is dat die A.P. te vinde is vir die verwydering van die Kleurlinge van die algeme kieserslys. Hierdie bewering word Maandag deur die blad herhaal in 'n aankondiging dat wetgewing vir die opstel van 'n eie kieserslys vir Kleurlinge in voorbereiding is.

Mnr. Harm Oost, voorsitter van die A.P., het die berig indertyd ontken en gesê dat die A.P. nog niks voor hom gehad het om te besluit nie.

Amptenare van die departement van binnelandse sake ontken met groot beslistheid dat hulle besig is met die opstelling van so 'n wetsontwerp.

# BOEREJEUG:

## HULLE HET GEDURENDE JANUARIE VERJAAR

Leonora Hanekom, Paarl.
Johanna Arangies, Paarl.
Hennie Jordaan, N. Paarl.
Annalie Malan, Hugenoot.
Sonja Pretorius, Paarl.
Pieter Coetzee, Paarl.
Ray Taylor, Frankfort.
Johan Bester, Luckhoff.
Attie Bonthuys, Bloemfontein.
Magdalena Linde, Bultfontein.
Jacobus Snyman, Koffiefontein.
Louis Snyman, Koffiefontein.
Elizabeth van der Linde, Bultfontein.
Maria Willemse, Bultfontein.
Adriana Steyn, Frankfort.
Maria Fouche, Winburg.
Johanna van Staden, Groot Marico.
Jan A. Venter, Schuinsdrift, oor Groot Marico.
Martha Smith, Middelburg, Tvl.
Anna Eloff, P.K. Matrooster.
Frederika Venter, P.K. Derby.
Heilie van Rooy, Pretoria.
Daniel Erasmus.
Hester Roets, Pos Moedwil.
Magrieta Smit, Johannesburg.
Frans Potgieter, P.K. Bosbokrand.
Maria Meintjies, Pos Vaalkop.
Magdalena van der Merwe, Pos Kuilfontein.
Fransie Scheepers, P.K. Strydom.
Philippus Kilian, Middelburg, Tvl.
Marietjie du Plessis, P.K. Mooinooi.
Heila van der Merwe, Pos Saulspoort.
Arthur Stephens, P.K. Wondermeer.
Rita Kruger, Pos Rustenburg.
Wilhelmina Erasmus, Pos Boshoek.
Anna Fourie, Sutherland.
Daniel Hugo, Rawsonville.
Maria Wagener, Oudtshoorn.
Helena Hugo, Franschhoek.
Maria Coetzee, Dist. Vryburg.
Stefanus Nieuwoudt, Dist. Vryburg.
Pieter du Toit, Wellington.
Bertie Grobbelaar, Wellington.
Maria Hanekom, Paarl.
Stefanie Roux, Franschhoek.
Carina Baard, Moorreesburg.
Koos Slabbert, Paarl.
Freda Kirsten, Wellington.
Dawid Mostert, Agter Paarl.
Hennie Jordaan, N. Paarl.
Pierre Botha, S. Paarl.
Jomien Smit, Rugby.
Alida Eksteen, Franschhoek.
Pieter Eksteen, Franschhoek.
Martha Retief, Paarl.
Marizanne de Kock, Stellenbosch.
Wolfaardt van Zyl, Paarl.
Tienie Burger, P.K. Brandvlei.
Sonja Pretorius, Paarl.
Gert Ellis, George.
Willie Lubbe, oor Kakamas.
Magda van Wyk, S. Paarl.
Jansie Geldenhuys, Franschhoek.
Maria Fourie, Sutherland.
Elizabeth Steun, Paarl.
Jacobus Botha, Dist. Vryburg.
Matthys van Niekerk, Wellington.
June Sieberts, Paarl.
Christina Wagener, Oudtshoorn.
Alwyn Vorster, Loxton.
Marina van der Westhuizen, Wellington.
Lodewyk Bruwer, P.K. Douglas.

## Wie Weet? (Antwoorde)

1. Jan Celliers van President Steyn.
2. Sir Jan Brand.
3. Sirius.
4. Besaliël en Aholiab.
5. Lusaka en Salisbury.
6. Sir A. Theiler.
7. Rooi, Oranje, Groen, Geel, Blou, Indigo, Pers.
8. Die Romeine het Adelaars en die Grieke Uile uit hout gesny en dit dan aan stokke gedra as baniere.
9. Stuk twak en 'n dop brandewyn. (Onthou, die eerste skool aan die Kaap was 'n Slaweskool!)
10. Sir J. R. Innes.

**Daar is tans 88 distrikte wat as droogte-geteisterde gebiede verklaar is. Hierdie distrikte kry die gebruiklike korting op spoorvrag.**

***Adverteerders hou daarvan dat u melding moet maak van hul advertensie in „Die O.B."***

# Gif Begin Werk Uit Abessinië

**Die Kommunistiese agitators onder die naturelle in Afrika het die afgelope week daarin geslaag om met tasbare resultate as vrugte van hul agitasie voor die dag te kom toe naturelle, aangevoer deur die Kommuniste, Oeganda op horings geneem het sodat die owerheid verplig was om militêre hulp in te roep. Die owerheid het twee politieke bewegings in die ban gedoen. Dit is die Bataka-party en die „African Farmers Union". Volgens berigte het eersgenoemde sterk kommunistiese aanknopingspunte in die buiteland.**

Die Goewerneur van die gebied het verklaar dat hierdie twee liggame verantwoordelik gehou word vir die betogings en geweldplegings wat die afgelope week plaasgevind het. „Deur Kommuniste daartoe aangehits, probeer hulle die wettige owerheid dwing met geweld, intimidasie, brandstigting en moorddadige aanrandings. Deur dit te doen volg hulle die Kommunistiese patroon waarmee die mense in Europa en Verre-Ooste goed bekend is," het hy gesê.

Troepe-versterkings is die afgelope week aangebring om die onrusstokers onder beheer te bring. Die oproermakers het winkels geplunder en voertuie aan die brand gesteek en bandiete uit die tronke losgelaat.

**Dat hierdie oproer in Oeganda begin, is nie sonder betekenis nie. Dit grens aan Abessinië wat tans die hoofkwartier van Moskou in Afrika is om die naturelle op te stook.**

**En hiervoor het die Afrikanerseuns in Noord-Afrika gesneuwel!**

# Gemengde Huwelike Verbied

'n Wetsontwerp wat ingedien is om gemengde huwelike te belet, bepaal dat blankes en nie-blankes nie met mekaar mag trou nie en gemengde huwelike wat buite die Unie aangegaan word, sal nie wettig erken word as die persone na die Unie terugkeer nie.

As iemand 'n gemengde huwelik voltrek, maak hy hom skuldig aan 'n boete van £50. As iemand se voorkoms sodanig is dat hy klaarblyklik 'n blanke of nie-blanke is, word hy as sodanig geag. As iemand se voorkoms misleidend is, word die bewyslas op hom geplaas.

**Het nou so pas sy groot verskeidenheid winterstowwe uitgepak, en nooi sy ondersteuners vriendelik uit om dit te kom besigtig.**

**Kotzé**

**ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD**

**Suid-Afrikaanse Spoorweë**

**VAKATURES: KONSTABELS:**
**S.A.S.-POLISIEMAG**

Applikasies word ingewag van kandidate vir die aanvulling van bogenoemde vakatures.

Applikante moet—

(i) tussen 18 en 35 jaar oud wees, maar aansoeke van seuns onder die ouderdom van 21 jaar moet gestaaf word deur die skriftelike toestemming van hul ouers of voogde;
(ii) ongetroud of wewenaars sonder kinders wees;
(iii) minstens 5 voet 8 duim hoog in hul sokkies staan, met 'n borsafmeting van 36 duim;
(iv) liggaamlik vir polisiepligte geskik wees;
(v) Britse onderdane wees en vir 'n tydperk van minstens drie jaar in die Unie van Suid-Afrika of Suidwes-Afrika gewoon het.

Van suksesvolle kandidate word vereis om sodra moontlik na hul aanstelling in die Diens 'n opleidingskursus van ses maande aan die Spoorwegopleidingskollege te Kroonstad deur te maak.

Die aanvangs- en die maksimumloonskale van toepassing op konstabels is onderskeidelik £20 15s. en £33 10s. per maand, plus 'n lewenskostetoelae volgens die skaal wat op Staatsamptenare van toepassing is, plus uniforms, ens.

Voorsiening word ook gemaak vir aantreklike voordele ten opsigte van pensioene, geneeskundige dienste, reiskonsessies en verlof.

Aansoeke met volledige besonderhede ten opsigte van ouderdom, opleiding en ondervinding moet aan die Hoofsuperintendent van Polisie, Hoofkantoor, Johannesburg, of aan die Bevelvoerende Offisiere, Spoorwegpolisie, by die verskeie Afdelingshoofkantore, gerig word.

W. M. CLARK, Hoofbestuurder.

# DIE Boere Jeug

AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 4 MEI 1949


## VERJAARDAG-KETTING

Die ondergenoemde maats het gedurende die afgelope week verjaar. Ons wens hulle van harte geluk en wens hulle alle voorspoed toe in die komende lewensjaar.

**APRIL**

26 George Botha, Observatory, Kaap.
Zacharias Victor, Observatory, Kaap.
27 Elise Laas, Wellington.
Clara Erasmus, oor Rustenburg, Transvaal.
28 Dalene Morland, Franschhoek.
Coenie Theron, Koffiefontein.
Johanna Potgieter, P.K. Bosbokrand.
29 Coenie Scheepers, P.K. Strydpoort.
Andrenette Cillie, Wellington.
30 Hester Nortje, P.K. Steenbokfontein, oor Koster.
Elizabeth Snyman, Frankfort.

**MEI**

1 Johanna Nagel, Dist. Vryburg.
2 Johanna van Rooy, Pretoria.
Martina van Rensburg, Loxton.
Margaretha Pretorius, Stellenbosch.
Gerhardus Rotmann, Dist. Vryburg.
3 Frederika Fourie, Stutterheim.
Magdalena de Bruyn, Aliwal Noord.
Tertius Breytenbach, Kirkwood.

*Vir Die Seuns:*

# DIE VLIEGTUIG AS WAPEN

**DEUR J. H. SMIT**

(Vorige dele het in VUURSLAG verskyn)

**FOTO-VERKENNINGS-WERK**

**Een van die belangrikste afdelings van 'n militêre opperbevel is sy inligtingsdiens, aangesien hy altyd op hoogte moet bly met die bewegings van sy opponent en daarvolgens moet handel.**

'n Bevelvoerder wou teen die end van die Eerste Wêreld-oorlog informasie hê van wat agter die vyand se linies aangaan, maar kon niemand kry om te gaan uitvind nie. 'n Loods het toe in sy vliegtuig geklim, laag oor die betrokke plek gevlieg, en met sy sak-kamera 'n paar foto's van die spulletjie geneem. Die bevelvoerende offisier was hiermee hoogs in sy skik want hy kon sien wat hy wou weet. Daarna het hulle kamera's in 'n paar masjiene ingebou vir eksperimentele doeleindes. Dit het geslaag, en so het die foto-verkenningsmasjiene ontstaan.

**VEG NIE**

Sulke vliegtuie word van al hulle bewapening ontlas en spesiale kamera's geïnstalleer. Hulle werk is nie meer om te veg nie maar om foto's van troepebewegings, paaie, brûe, kanoninstallasies en ander militêre doelwitte te verkry. En as hulle teenstand raakloop, moet hulle maar probeer om dit na die beste van hulle vermoë af te skud met behulp van hulle hoër snelheid en beter hanteerbaarheid. Gewoonlik hou hulle in sulke omstandighede so naby die grond as wat hulle met veiligheid kan waag en probeer met draaie en kinkels óm bome en geboue hulle agtervolgers af te skud. Dit het dikwels gebeur dat van die masjiene by hulle basis aankom met takke en blare in hulle verkoelers en om die vlerke, en met stukkende geskraapte onderstelle.

**HOOG OF LAAG**

Foto-verkenning geskied op twee maniere, nl. òf op geringe hoogte òf op 'n baie groot hoogte. Dit hang natuurlik af van watter soort masjien gebruik word. Die vinnige masjiene hou hier teen die grond waar dit moeilik is om hulle gou te sien en nog moeiliker om hulle te skiet, maar die groter masjiene is beter toegerus om hoog te vlieg en doen hulle verkenningswerk met spesiale teleskopiese kamera's. Hierdie kamera's is nog steeds eersterangse geheime en is nog nie aan die publiek bekendgemaak nie, in teenstelling met wapens soos radar.

Voor 'n geveg of lugaanval, word die verkenningsvliegtuie uitgestuur of foto's van die doelwit te neem. Daarna word 'n fotografiese kaart gemaak wat die bomwerperbemannings presies wys wat hulle te doen staan. Na die aanval verby is word die lugfotograwe weer oorgestuur om te gaan kyk watter skade aangerig is. Ook word die bemannings noukeurig ondervra. Op dié manier weet die aanvaller presies wat voor en na die aanval aangaan en is hy in staat om daarvolgens te handel. Ook vegvliegtuie is van rolprentkameras voorsien wat in werking gestel word sodra die masjiengewere begin skiet, sodat die intelligensie-diens altyd kan weet watter masjiene die vyand gebruik en watter veranderings en verbeterings aan hul masjiene aangebring is.

**VREES**

Die grondsoldate het al gou geleer dat wanneer hulle een of twee vliegtuie oor hulle sien draai sonder om enige moeilikheid te probeer maak, hulle binnekort groter moeilikhede kan verwag. Daarom het hulle die verkenningsvliegtuie net so gevrees as die gewapende vegvliegtuie en bomwerpers wat altyd kort op hulle hakke gevolg het.

Ook vir artillerie-verkenning is gedurende die afgelope oorlog vliegtuie gebruik. Aangesien hierdie masjiene met radio's i.p.v. kamera's gewapen is, was dit onprakties om vinnige vliegtuie te gebruik. Daarom is die klein, ligte vliegtuigies, wat vandag vir privaat doeleindes gebruik word, vir hierdie doel aangewend. Juis omdat hulle teen die geringe snelheid van omtrent 30 m.p.u. in die lug kan bly, is hulle so handig vir hierdie soort werk. Net voor 'n artillerie-aanval gemaak word, word hierdie klein masjiene uitgestuur en dien hul dan as die „oë van die artillerie". Nadat die eerste skote geskiet is, korrigeer hul ook die vuur van die kanonne. Sodra sake te warm begin word gee hulle pad tot onder die beskermende vuur van hulle basis se lugdoelgeskut.

(Die Einde)

## Kompetisie-Beker



*Lampies Tredoux en Pans Taljaard, leiers van die Skiereilandse span, met die Kompetisie-beker wat die Skiereilanders, met slegs een punt, verower het op die onlangse laertrek.*

## Hiervan En Daarvan

**16-DESEMBER-FONDS:** Na aanleiding van navrae wat deur ons Hoofkwartier ontvang is in verband met ons „16-Desember-fonds", plaas ons hieronder meer besonderhede daaromtrent.

**Doel:** Die doel van hierdie fonds is om Boerejeug-lede te help met reiskoste en moontlik ook uniforms wanneer ons by die end van hierdie jaar die onthulling van die Voortrekkermonument gaan bywoon.

**Manier van insameling:** In plaas van funksies te hou vir Fondsdag (8 Augustus) hou ons hierdie jaar funksies slegs vir bogenoemde fonds. Afdelings word vriendelik versoek om onmiddellik te begin met die hou van verkopings, konsertjies en speletjies-aande vir bogenoemde doel.

**Oorbetaling:** Alle gelde wat vir die „16-Desember-Fonds" ingesamel word, moet gestuur word aan u naaste Hoofkwartier. Hoofkwartier hou dan die geld vir elke Afdeling in trust. Wanneer 'n Afdeling die geld nodig het vir bogenoemde doel, moet hulle maar net skryf. Elke tweede maand sal die stand van die Fonds in DIE BOEREJEUG bekendgemaak word.

(Vervolg in kolom 3)

(Vervolg van kolom 1)

**SKIEREILAND SE EERSTE MAANDELIKSE GESELLIGE AAND**

Soos reeds voorheen bekendgemaak in DIE BOEREJEUG, sal die Skiereilandse Boerejeug voortaan elke maand 'n sentrale gesellige aand hou in die O.B.-Vriendskap-Sentrum. Die eerste aandjie sal gehou word op 6 Mei (Vrydag-aand) om 7.45 n.m. Boerejeug-lede word versoek om dit by te woon. 'n Silwer-kollekte sal opgeneem word vir ons „16-Desember-Fonds".

# BRIEWE-KOLOM

Posbus 1411,
KAAPSTAD.
4 Mei 1949.

Beste Maats,

Julle het seker al opgemerk dat ons Boerejeugblad nou weekliks verskyn. Om die Briewekolom dus na iets te laat lyk sal julle baie meer moet skryf. Vertel ons van die uitstappie of funksie wat julle gehou het of miskien nog van plan is om te hou. Laat ons ook weet of julle van die Boerejeug se leesstof hou of wat julle graag daarin sal wil lees. Miskien is daar van julle wat mooi kiekies van Boerejeug-byeenkomste het — stuur dit gerus aan ons.

Hierdie week was daar net EEN in die possak. Dit kom van Boerejeug-maat MARTHA BARNARD van George. Sy wil graag met dogters van 13 jaar oud korrespondeer. Haar adres is ELANDSKRAAL, DRIEHOEK, P.K. HOMTINI, OOR GEORGE. Martha het ook aan ons drie ander name gestuur vir die Verjaardag-ketting. Maats kan gerus hierdie voorbeeld volg.

Vra julle maats om hulle name aan ons te stuur en leen hulle jou Boerejeug-blad om te lees.

Beste Boerejeug-groete,

BOEREJEUG-REDAKSIE.

# NUWE WEDSTRYD

**As gevolg van die feit dat die pligte van 'n TENT-Veldkornet (op laertrekke) baie vaag is, is daar besluit om die onderstaande wedstryd uit te skryf. Ons vertrou dat ALMAL, Offisiere sowel as Boerejeug-lede aan hierdie wedstryd sal deelneem. Inskrywings sluit op 18 MEI 1949.**

**Besonderhede:**

Skrywe 'n opstel van ongeveer 200 woorde waarin die pligte van 'n tent-veldkornet beskrywe word vanaf die tyd wanneer die opstaan-beuel geblaas het tot wanneer die beuel geblaas word vir „ligte uit".

Die opstel moet in die vorm van 'n verhaal geskryf word, maar die pligte van die tent-veldkornet moet baie duidelik uiteengesit word.

'n Eerste prys vir die beste opstel van 'n Offisier en 'n eerste prys vir die beste opstel van 'n Boerejeug-lid sal toegeken word. Die beste opstelle sal in DIE BOEREJEUG geplaas word. Kom Boerejeug, laat ons sien wat u indrukke van 'n goeie TENT-Veldkornet is. Stuur u opstel aan: DIE BOEREJEUG-REDAKSIE, Posbus 1411, KAAPSTAD.

## Wie Weet?

(Antwoorde op bladsy ses)

1. Wie het van wie gesê: „Dit is soet vir 'n held om te val aan die voete van wie hy gedien het"?
2. Een van die presidente van die vorige republieke was 'n „Sir". Wie was hy?
3. Noem die naam van die helderste ster aan die hemel.
4. Noem die name van die boumeesters van die tabernakel.
5. Gee die name van die hoofstede van Noord- en Suid-Rhodesië.
6. Onder wie se leiding het die Onderstepoort Proefstasie tot stand gekom?
7. Noem vyf van die sewe hoofkleure van die reënboog in hulle regte volgorde.
8. Voordat vlae in gebruik was, wat het die ou Romeinse en Griekse leërs as hulle wapens gedra?
9. Watter beloning vir goeie werk is aan die leerlinge van die eerste skool aan die Kaap belowe?
10. Wie was die eerste Superintendent Generaal van Onderwys in die Kaap Kolonie?

# Oudtshoorn-Laertrek

*Komdte. Lenie Roos neem inspeksie waar in die kombuis. (Onder): Na 'n week se verblyf in die buitelug, word die tente weer afgebreek.*





## Hoe Kan Parlement Hervorm Word? (4)

# Party Word Alleenbron Van Politieke Mag En Daarom Verafgood

**Omdat die parlementêre stelsel meebring dat slegs die leier van die oorwinnende party eerste minister word en met uitsluiting van almal buite daardie party sy kabinet saamstel uit die oorwinnaars in hul onderskeie kiesafdelings van sy eie party, is 'n verkiesing vir 'n politieke party 'n saak van lewe of dood. Wen hy die verkiesing, ontvang hy die bewind as prys, en verloor hy die verkiesing, verkeer hy in die woestyn of politieke snippermandjie. Dan het hy geen seggenskap of medeseggenskap oor die bestuur van die land nie. Dan het hy hoogstens in naam die reg op kritiek, maar soos ons in 'n vorige artikel aangetoon het, kritiek wat niemand in die regering na luister nie omdat dit gegee word met die doel om die regering „in diskrediet te bring by die volk daarbuite".**

**Die kritiek is dan ook bedoel vir die ore van die kiesers met die doel om die regering by hulle verdag te maak, want dit is die enigste manier om seggenskap in die landsbestuur te kry: die volk moet 'n ander regering kies.**

**Hierdie wedywering tussen die partye met totale uitsluiting van volkskragte uit die landsbestuur is hoofoorsaak van die bitterheid, leuenveldtog en opsweping wat kenmerkend is van ons parlementêre verkiesings.** Die man wat die grootste „set" in belang van sy party kan uitdink of die grootste „bom" kan los in die vorm van 'n plakkaat of kwinkslag teen die teenstander se plakkaat of die teenparty se leier op doeltreffendste wyse met 'n skinderpraatjie kan ondermyn, is die grootste held in die stryd.

### BYE-KONINGIN

Die party is alleen-lewendgewend soos die byekoningin. **Verloor die party, verval alle poste binne die staatsbestuur en is alle hoop om die politieke ideale te verwesenlik oorboord. Elke lid van die party wat iets kan bydra tot die oorwinning, maak nie saak hoe oneerlik, hoe laag of vuil nie, is 'n welkome krag. Die oorwinning is alles — die middele van minder belang. Dit is daarom dat die volgende staaltjie van die vorige verkiesing vertel kan word:**

Na die uitslag bekend is, staan twee partylede die slagveld en bespreek. „Gelukkig dat daardie ou vark darem uitgeval het," merk die een op.

„Ja," kom die antwoord, „maar wat van ou LM, hy is nog 'n groter vark en hy het ingekom?"

„Ja, maar hy is darem ons vark."

### VARKE

**Inderdaad is die posisie so dat die eie vark verkies word bo die lam van die teenparty, en hoe kan dit ook anders wees? Die keuse is nie tussen lammers aan die een en varke aan die anderkant nie, maar tussen party A en party B ongeag hoeveel varke en hoeveel lammers elkeen in sy geledere tel, en as party A die verkiesing wen, beteken dit uitsluiting van sowel party B se varke as sy lammers, en om hulle in te kry, moet party A se lammers plek maak vir party B se varke.**

Dit geld nie net ten opsigte van karakter nie, maar ook van verstand. Genl. Smuts het tydens sy bewind berugtheid verwerf vir sy swak kabinet. Hy moes by gebrek aan iets beters meer as een mindere lig opneem in sy regering terwyl van die skitterendste brein in ons land nie net reg teenoor hom „in die woestyn" gesit het nie, maar ook buite die parlement verkeer het, want niemand buite die parlement kan 'n lid van die kabinet wees nie.

### PARTY DIE MAATSTAF

**Die bekwame man wat lid is van 'n swak party se louere is veel kleiner om in te kom as die onbekwame man wat lid is van 'n sterk party. Die maatstaf — en daarmee ook die verantwoordelikheid — val dus weg van die persoon na die party.**

Maar afgesien van die hoofideaal om die party — die lewendgewende byekoningin — aan bewind te bring, waarvoor alles in die stryd gewerp word, ook fatsoenlikheid en eerbaarheid, vind in elke kiesafdeling nog 'n persoonlike worsteling plaas — 'n worsteling wat 'n soort „uitdun" is. **Die man wat die paal in sy eie kiesafdeling haal, dra nie alleen by tot die party se totale oorwinning nie, maar hy bevind homself binne die kader waar pryse uitgedeel sal word. Haal hy die paal nie,** verdwyn ook alle hoop om in die oorwinningsbuit te deel of — indien hy dit ernstiger meen — enige bydrae te lewer in belang van sy land. Dan mag sy party tog wel aan bewind kom, maar hy persoonlik verkeer in die woestyn en niemand kan hom daaruit red nie, al is hy die knapste brein in die land.

### PARTY REGVERDIG

**Hierdie gevaar van uitsluiting, nie net van die party self in die parlement nie, maar ook van individuele lede in kiesafdelings bring mee dat die stryd om die oorwinning nog meer verbete word en dat vir geen metode teruggedeins word nie, en veral dat geen kritiek teen die party geduld word nie. Die party word iets heiligs, en die onheiligste metodes word in sy naam geregverdig.**

So het 'n politikus onlangs aan die skrywer hiervan vertel hoe hy met 'n vorige teenstander — vandag is hulle in dieselfde party — gesels het oor 'n verkiesing wat hulle 'n aantal jare gelede teen mekaar gevoer het.

„Onthou jy nog," het hy gevra „hoe julle daardie aand van plan was om die arm mense te gaan omkoop, maar dat julle dit nie kon regkry nie omdat daar 'n motor al agter julle aan gery het?"

„Ja," erken die vorige teenstander, „daar het 'n motor al agter ons aangery. Maar hoe weet jy daarvan?"

„Wel, dit was ek wat in daardie motor was. Ons het laat die aand inligting gekry dat julle wou gaan omkoop, en ons het toe sommer haastig in 'n motor gespring en julle dopgehou."

**Lekker geselskap, heerlike herinneringe van twee oudstryders! Maar so afgetomp is die politieke gewete deur hierdie euwels wat die partystelsel meebring, dat omkopery nie eers meer as 'n onsedelike volksondermynende misdaad beskou word nie. Dit is 'n vanselfsprekendheid in die stryd om die lewe van 'n party, om die oorwinning van 'n „volksman".**

### „NOODSAAKLIK"

Die swak fondament waarop 'n party staan, naamlik dat hy te enigertyd uit die bewind geslinger kan word na die snippermandjie waar, soos in die geval van die magtige Churchill, niemand meer van hom notisie neem nie, bring mee dat 'n party gebruik maak van enige middel om sy lewe in die kussings te verleng of dit te bemagtig. Vir hom beteken 'n nederlaag by die verkiesing 'n winterslaap vir al sy lede, en om dit vry te spring wend 'n party hom tot middele wat in 'n normale toestand vir geen oomblik geduld sal word nie. En almal, ook die volk, aanvaar dit as noodsaaklike, indien nie gebillikte middele.

**En dit alles so onnodig! Want die wortel van die kwaad lê in die stelsel wat deelname aan staatsbestuur afhanklik maak van 'n politieke party — hierdie geslote geledere-stelsel op politieke gebied, wat enige tyd vervang kan word deur iets beters.**

# BRITSE PERS JUIG OOR STANDPUNT VAN DR. MALAN

**Dr. Malan se verklaring in die senaat en sy uitsending oor die Britse radio word deur die Britse pers aangehaal as waarborg teen die republikeinse gevaar in die Unie. Die koerante is ook baie eenstemmig dat die nuwe formule 'n versterking vir die Empire-bande is, en na genl. Smuts se standpunt word verwys as 'n „ongelukkige uitsondering". Die Londense Times skryf in die verband as volg:**

„Baie Engelssprekende Suid-Afrikaners mag genl. Smuts se twyfel deel deur te vrees dat die ooreenkoms die pad mag baan na 'n Suid-Afrikaanse republiek onder sterk Afrikaanse leierskap waarby min van die ou verbintenisse en tradisies gehandhaaf sal word.

**„Hierteen weeg egter op die merkwaardige radiotoespraak van dr. Malan, wat self 'n sterk nasionalis is, waarin hy gepraat het van die ‚buitengewone bande' wat die lede van die Statebond saamsnoer, en waarin hy onomwonde verklaar het dat ‚solank daar geen inbreuk gemaak word op sy regte — selfs sy reg om 'n republiek te word — Suid-Afrika geen voorneme het om die Statebond te verlaat nie'.**

**„Daar is 'n nuwe en welkome beklemtoning in sy woorde."**

### „GROOTMOEDIGHEID"

Die Times gaan dan voort: ‚Die verklaring het blyke gegee van 'n steeds skaarserwordende eienskap in die politiek — die grootmoedigheid van die oorwinnaar wat gevegte kan vergeet terwille van 'n groter heil.

**„Dr. Malan wat van die Statebond in sulke woorde kan praat; mnr. Churchill wat Indië verwelkom; Nehru, wat so kort gelede as 1945 die laaste van sy nege jaar tronkstraf uitgedien het, en wat Indië op moedige wyse lei om die Koning as simbool van assosiasie en hoof van die Statebond te aanvaar — dit is dinge wat help om vertroue in die Statebond te bevestig en om vertroue te laat herlewe in die politieke opvoeding van die mens."**

Die Suiderstem skryf oor die bydrae wat dr. Malan tot die Londense konferensie gelewer het en kom tot die gevolgtrekking:

### „GROOTSTE DIENS"

**„Hiermee het hy waarskynlik die grootste diens aan die Britse Statebond bewys wat maar denkbaar was, want as Indië met sy miljoene mense, groot rykdomme en geweldige moontlikhede die Statebond moes verlaat het weens die onversoenbaarheid van sy standpunt met dié van die ander Statebondslande, sou dit 'n nekslag vir die Britse Gemenebes van Volke gewees het. Ons verwelkom hierdie bydrae van die Suid-Afrikaanse Eerste Minister. Ons verwelkom sy versoenende houding en veral die feit dat hy nou op sy ou dag en in besef van sy verantwoordelikheid die ou Britse kompromisbeleid aanvaar het."**

# Besluit In Londen . . .

(Vervolg van bladsy 2, kol. 3)

**gedreig het om die Britse Statebond 'n natuurlike dood te laat sterf, het dr. D. F. Malan vir die Britte in die bresse gespring en aan die lande wat wou uittree 'n staatsvorm voorgestel wat 'n kompromis is tussen 'n republiek en 'n koninkryk — maar wat tog die „republiek" vir die „empire" behou. Dis 'n terugwaartse stap op die pad van Hertzog; en tragies genoeg is die terugkabbeling gedoen deur dieselfde man wat vir wyle genl. Hertzog van Empirediens beskuldig het!**

### BOER EN INDIËR

Geen wonder nie dat mnr. Arthur Barlow, L.V., spottend in die parlement verwys het na die slimheid van die Engelse staatsmanne wat 'n Boer en 'n Indiër gebruik het om die Empire aanmekaar te hou. En geen wonder dat „Dawie", die redaksionele rubriekskrywer van Die Burger, juig dat „die Sappers die gedagte aan 'n republiek glad nie meer vreemd vind nie. Hulle kry nie meer die koue rillings wanneer iemand die woord noem nie." Natuurlik nie — waarom sal „Dawie" se „Sappe" dan skrik vir 'n Empire-republiek? En verstaanbaar is die hoop van die Transvaalse „republikein", mnr. J. G. Strydom, dat „as die land nou 'n republiek kan wees sonder om die verband (d.i. die Britse konneksie — skrywer) te verbreek, moet dit die verset wat daar in die land teen die republikeinse strewe is, verminder." **Dit mag die verset van „Dawie" se „Sappe" verminder, maar as mnr. Strydom glo dat opregte republikeine met 'n skyn-republiek tevrede sal wees dan misgis hy hom.**

### 'N NUWE „HANDYMAN"

Die leier van die Opposisie, genl. J. C. Smuts, hou steeds vol dat die eenheid van die Statebond nie werklik bereik word deur 'n land toe te laat om tegelyk Statebondslid en Republiek te wees nie. Sy standpunt het hy reeds in twee persverklarings uiteengesit. Die reaksie van Die Burger, hoofoorgaan van die H.N.P., op die Smuts-standpunt is tekenend van die volslae ommeswaai in gesindheid wat daar by die H.N.P. plaasgevind het ten aansien van die republiek. **Die blad val nie vir genl. Smuts aan omdat hy die Statebond en die eenheid daarvan wil behou nie, maar die blad verwyt hom omdat sy standpunt juis tot die verbrokkeling en vernietiging**

(Vervolg in volgende kolom)

(Vervolg van vorige kolom)

van die Statebond sal lei. **Die Burger verklaar woordeliks dat as genl. Smuts se „advies in die raadsale van die Statebond die deurslag moet gee dan is 'n verdere ontbinding van hierdie groepering van nasies nie te keer nie." Met verbystering lees 'n mens dat Die Burger nou die pleitbesorger van die Statebond is — selfs by genl. Smuts. Met meer as 'n tikkie leedvermaak en spot vertel Die Suiderstem, genl. Smuts se mondstuk, aan sy lesers dat die „Empire" oënskynlik 'n nuwe „handyman" gekry het, nl. dr. D. F. Malan!**

### DIE WEG VAN INDIË

In die dae toe die H.N.P. in opposisie was het die Party dikwels die „weg van Ierland" voorgehou as die koers wat ingeslaan moet word om 'n vrye republiek te verkry. **Noudat die H.N.P. aan bewind is het twee dinge gebeur: die „weg van Ierland" het in vrye Ierse republiek buite die Britse Statebond uitgemond en dr. D. F. Malan het die „weg van Ierland" gerepudieer. Nou bly daar vir die H.N.P. nog die „weg van Indië" oor!**

### REPUBLIKEINE VERDEEL

**Dr. D. F. Malan se verkondiging van die nuwe H.N.P.-ideaal van 'n Empire-republiek het die republikeinse geledere in Suid-Afrika middeldeur geskeur. Aan die een kant vergader die ware republikeine en aan die ander kant trek die Empire-republikeine hul hoede in hul oë.**

Dr. Malan het 'n nuwe twisappel, nie alleen onder die volk gegooi nie, maar ook in sy Party. En die tyd sal moet leer of die magtige H.N.P.-pers invloedryk genoeg is om die Party se ondersteuners te mislei oor die republikeinse ideaal. Sal H.N.P.-lede bly op die pad van Malan wat lei na 'n Empire-republiek of sal hulle vnal op die pad van Suid-Afrika wat lei na die Afrikaner-republiek buitekant die Britse Statebond. **Indien laasgenoemde dan het dr. Malan in Londen ook die H.N.P. middeldeur gaan skeur — en dan het die destydse kongresse van sy Party met profetiese insig gehandel toe hulle besluit het dat dr. Malan nie oorsee mag gaan as hy Eerste Minister word nie.**

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.